Die Konfederasie van Jagtersverenigings van Suid-Afrika
CHASA
The Confederation of Hunting Associations of South Africa

Proudly affiliated to SCI FIRST FOR HUNTERS

Tel: +27 (0) 41 922 – 5510 | Cell: +27 (0) 82 523 8201 | Fax: +27 (0) 86 614 5354 | E-mail: manager@chasa.co.za | Website: www.chasa.co.za
SAPS Hunting Association Accreditation Number: 1300018
SAPS Sport Shooting Association Accreditation Number: 1300104
NPO Registration Number: 241-187 NPO

8 Mei 2020

AAN: LIDVERENIGINGS

SAPS DIREKTIEF VIR DIE HANTERING VAN DIE GELDIGHEID VAN VUURWAPEN LISENSIES, BEVOEGDHEID SERTIFIKATE ASOOK AMNESTIE OP VUURWAPENS GEDURENDE DIE INPERRKINGSPERIODE INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE RAMPBESTUURSWET, 2002

Ingevolge ‘n brief van die SAPS Verwysings no 27/5/1 wat deur Brigadier L.J. Mabule op 7 Mei 2020 uitgereik is, en wat reeds deur die HUB van CHASA vandag aan verenigings gesirkuleer is, word die reëls kortliks hiernaas opgesom:

1. Handel daaroor dat elke landsburger, volgens die wet, verplig word om sy woonadres nie te verlaat nie, behalwe om ‘n noodsaaklike toegelate diens te verrig soos uiteengesit in Vlak 4 van Inperking.

2. Lisensiering van vuurwapens word toegelaat ingevolge die Inperking maatreëls. Plaaslike DFO Kantore is verplig om aansoeke vir bevoegdheidsertifikate en hernuwing van vuurwapenlisensies te ontvang en te prosesseer. (Part.0(2) van Tabel 1 van die Regulasies).

3. Neem asseblief kennis dat gedurende Vlak 5 van die Inperking, was lisensiëring nie toegelaat as ‘n noodsaaklike diens nie en gevolglik is geen aansoeke ontvang of verwerk nie.

4. Ingevolge Klousule 24 van die Vuurwapenwet moet hernuwings van vuurwapens 90 dae voor die vervaldatum ingedien word. Hierdie reëling het egter as gevolg van die Inperking tot gevolg gehad dat sommige lisensiehouers nie hulle aansoeke betyds kon indien nie.

5. As gevolg hiervan het die Nasionale Kommissaris van Polisie die onderneming gegee dat applikante wat hernuwings wil indien wat weens die inperking nie gedoen kon word nie, dit nou kan doen op voorwaarde dat die bevoegdheid/lisensie nie verstryk het nie.

6. Vuurwapenlisensies wat verval het kan nie hernu word nie en 'n **Nuwe** aansoek mag ingedien word vir prosessering ingevolge die Amnestieperiode van 2019/20 soos deur die Minister afgehandig.

7. Dit is ongelukkig dat daar tyd met die Amnestieperiode verbygaan het as gevolg van die Inperking. Die Minister van Polisie beoog egter om die Parlement te nader om die Amnestieperiode te verleng wat op 31 Mei 2020 ten einde loop.

8. Geen lid van die Publiek sal deur die Polisiestasie weggewys word om sy hernuwingsaansoeke en of vir Amnestie in te dien nie.

9. Die inhoud van hierdie direktief is onder die aandag van die Stasiebevelvoerders en DFO Offisiere gebring.

Vriendelike Groete

Stephen Palos
CHASA HUB